# Riglyne vir 'n verantwoordelike Nuwe-Testamentiese verstaan in die homoseksualiteitsdebat. Deel 2: Nuwe Testamentiese tekste

G J Steyn

(Universiteit van Pretoria)

**ABSTRACT**

**Guidelines for a responsible New Testament understanding in the homosexuality debate. Part 2. New Testament texts**

*This is the second of two contributions that are asking how the New Testament could be used in a responsible manner in the debate about homosexuality. After an introductory discussion about the possibility that the NT writings provide us with guidelines, the five passages used in the debate are briefly surveyed. It is suggested that 1 Cor 6:9-11 might be understood against the backdrop of the existing cults and religious practices that were found in 1st century Corinth. Some guidelines are then formulated in order to proceed to a more responsible handling of the NT in the debate. Apart from an acknowledgment of the diversity of terms that are used, it is clear that immorality is closely connected with the idolatry and in association with homosexual behaviour. Homosexuality was thus closely linked with idolatry, immorality and perversity in the ancient NT socio-religious world. It is clear that there are no references to homosexual orientation as a sexual identity, on the one hand, and that the NT unequivocally rejects homosexual behaviour in a range of different forms, on the other hand. It is not possible to talk unqualifiedly about homosexuality any more.*

## 1 INLEIDING

Die homoseksualiteitsdebat is ten diepste 'n debat wat die kompleksiteit van Skrifgesag en Skrifverstaan illustreer. Nuwe Testamentiese geleerdes is dit eens dat dit hier gaan oor hóé ons die Bybel *lees* (Geyser 2002:1660; Van der Watt 2005:DVD; Joubert 2005:DVD; Du Rand 2005:DVD; Potgieter 2005:DVD). Ten diepste lei persoonlike veronderstellings en voorkeure die gesprek – as dit nog enigsins 'n *gesprek* genoem kan word! Dis vanuit die verstaanskader van wat homoseksuele gedrag vandag vir 'n individu beteken en watter voorkeure of afkeure aan hierdie gedrag verbind word, dat meeste gelowiges soek na die sanksionering van hulle standpunte in die normatiwiteit van die Skrif. Die vier groot

standpunte wat in Deel 1 van hierdie studie gelys was[1], weerspieël verskillende hermeneutiese benaderings tot die Skrif. Hermeneutiese vertrekpunte bepaal uiteindelik ook die rigting waarin besluite geneem word. In ‘n hermeneutiese vertrekpunt waar die Skrif gesien word as *God* se boodskap in mensewoorde, lê die outoriteit van Skrifgesag allereers by God self. Dit is in lyn met ‘n kerklike leer van organiese Skrifinspirasie. In ‘n teenoorgestelde siening waar die Skrif gesien word as *mensewoorde* oor God, sou die outoriteit van die Skrifuitsprake eerstens by die menslike outeurs kon berus, en uiteindelik niks anders wees as blote antieke geskiedskrywing nie.

Dis egter een ding om die gesag van die Skrif te aanvaar, maar ‘n ander hoedat hierdie Skrifte verstaan behoort te word. Sedert die vroegste tye het verskillende hermeneutiese benaderings dieselfde boodskap in verskillende kleure geverf. Die geskiedenis van die Jodedom en Christendom se interpretasie van die *corpus* Skrifte wat ons vandag as die “Ou Testament” ken, is ‘n voorbeeld hiervan. So ook die verskillende benaderings van die Fariseërs en die Sadduseërs, of die skole van Hillel en Shamai. Reglynige verbande tussen die antieke en die hedendaagse kontekste kan nie gelê word wat uiteindelik ontaard in ‘n soort kontekslose, letterlike lees van die Skrif asof dit direk vir vandag se mense en omstandighede geskryf was nie. Die vraag is dus of die Skrif vir ons voorskrifte of riglyne gee. ‘n Hermeneutiek wat byvoorbeeld ‘n letterlik-historiese Skrifsleutel gebruik sal tekste hoofsaaklik binne hulle onmiddellike literêre kontekste primêr as *voorskrifte* vir vandag se gelowiges lees. ‘n Universele tydlose antwoord kan moeilik geformuleer word deur die paar Nuwe Testamentiese teksverse wat na verskillende skakerings van homoseksualiteit sou verwys, konteksloos en ongekwalifiseerd op alle homoseksueel georiënteerde persone van toepassing te maak. ‘n Hermeneutiek wat weer ‘n sosio-historiese Skrifsleutel gebruik sal die tekste hoofsaaklik binne hulle sosio-historiese en kultuur-historiese kontekste hoofsaaklik as *riglyne* lees. In hierdie bydrae word gekies vir Nuwe Testament etiese riglyne en nie vir voorskrifte nie. Binne ‘n organiese Skrifinspirasieleer word sowel die Goddelike inspirasie as die menslike konteks hier ernstig geneem. Dis binne die konteks van die Grieks-Romeinse agtergrond van die eerste eeu nC dat die teksgedeeltes oor homoseksualiteit gelees behoort te word en riglyne gesoek moet word vir

1 Steyn (2007:280-300).

verantwoordelike leiding in hierdie verband. God se ewige boodskap agter, en in antieke mensewoorde, moet gehoor word. Sodoende word die normatiwiteit van die Nuwe Testament aanvaar.

Die Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes wat moontlik die saak van homoseksualiteit sou hanteer, is reeds in Deel 1 geidentifiseer. Soos reeds vermeld, sentreer Nuwe Testamentiese tekste wat gewoonlik gebruik word in die homoseksualiteitsdebat, veral deur diegene wat homoseksuele gedrag afkeur, grotendeels rondom vyf teksgedeeltes: Romeine 1:26; 1 Korintiërs 6:9-11; 1 Tessalonisense 4:5; 1 Timoteus 1:10 en Kolossense 3:5. Drie hiervan (1 Kor 6:9-11; 1 Tim 1:10; Kol 3:5) kom voor in lyste waarin verkeerde optredes teenoor God genoem word. Dis nodig om kortliks na die konteks van elkeen van hierdie gedeeltes te verwys. Die sosio-historiese konteks van 1 Korintiërs 6:9-11 gaan wel breedvoeriger bespreek word.

## 2 ROMEINE 1:26-27 [1:18-32]

Hierdie gedeelte is die duidelikste van al vyf die Nuwe Testamentiese tekste oor homoseksualiteit. Dis daarom ook voos bespreek in die verlede. Vir die doeleindes van hierdie bespreking gaan volstaan word met ‘n verwysing na ‘n komende bydrae elders hieroor deur Andrie du Toit. Hierby kan ook die bydraes van Malina (2002:141-150); Nolland (2000:32-57), Kalin (2003:423-432), die bespreking by Geyser (2002:1671-1674), Du Rand (2005:DVD) en talle ander geraadpleeg word.

Wat in hierdie gedeelte duidelik na vore kom, is die breër konteks van hierdie deel wat handel oor afgodery, vergifnis en die oordeling van ander. Sommige het God onteer deur hulle oor te gee aan afgode, daarom het God hulle weer oorgegee aan hulle eie drange. In Romeine 1:26-27 verklaar God dat hy vrouens en mans wat “natuurlike omgang met die onnatuurlike vervang het”, oorgee aan hulle eie degraderende seksuele passie (wellus). Die sleutelwoord in Romeine 1:26 is *pathos (atimias)*. Die woord kom net drie keer in die Nuwe Testament voor, te wete hier, in Kolossense 3:5 en 1 Thessalonisense 4:5. Vergelyk die bespreking by die terminologie in Deel 1, asook by die besprekings van die laasgenoemde twee teksgedeeltes hieronder.

## 3 1 KORINTIËRS 6:9-11

Afgesien van Romeine 1, is 1 Korintiërs 6:9 waarskynlik die duidelikste oor homoseksualiteit, wat nie vreemd is nie omdat 1 Korintiërs

5-7 die mees omvattende bespreking oor seksuele etiek in die Nuwe Testament is (May 2004:1). Gedurende die vyftigerjare van die eerste eeu nC skryf Paulus ‘n aantal briewe aan die jong Christen-gelowiges in die stad Korinte. Paulus bespreek ‘n paar sake en antwoord hulle, onder andere, op sekere vrae wat hulle aan hom gevra het. Hoofstuk 5:1 tot 7:40 handel veral oor morele sake. Hierbinne is 6:1-11 gefokus op hofsake onder die gelowiges. Paulus herinner die gelowiges in Korinte dat diegene wat betrokke raak in ongeregtighede (*adikia*) moet besef dat ongeregtiges (*adikoi*) uitgesluit word uit die koninkryk van God, omdat hulle net soos die res van die ander ongeregtiges wat genoem word in verse 6-11 nie “gewas, geheilig en geregverdig” is nie (Gorman 2004:248-249).

Paulus lys in 1 Korintiërs 6:9-10 ‘n soort sondelys met tien soorte “ongeregte” mense wat nie die koninkryk van God sal beërwe nie en sluit hierby die *malakoi* (passiewe deelgenote in homoseksuele handelinge) en die *arsenokoitai* (aktiewe deelgenote in homoseksuele handelinge) saam in. Volgens die Afrikaanse vertaling is hierdie tien sake die volgende: “onsedelikes (*pornoi*), afgodsdienaars (*eidololatrai*), egbrekers (*moigoi*), mense wat homoseksualiteit beoefen (*malakoi* en *arsenokoitai*), diewe (*kleptai*), geldgieriges (*pleonektai*), dronkaards (*methusoi*), kwaadpraters (*loidoroi*), en bedrieërs (*harpages*)”. Enersyds is daar opvallende ooreenkomste tussen die inhoud van hierdie lys en die sake waarteen Jode moet waak in die tien gebooie. Andersyds is daar ook opvallende ooreenkomste met die godewêreld van destyds – veral die Griekse gode – en hulle kenmerkende eienskappe. Talle tempels aan hierdie godhede is in Korinte ontdek, waaronder heiligdomme vir Afrodite, Apollo, Atena, Asklepius, Demetrius, Persephone (of Kore), Palaemon en Sisypus (Freedman 1996:1138). Pausanius skryf in ongeveer 180 nC in sy “Beskrywing van Griekeland” (Boek 2) van minstens 26 heiligdomme vir die Grieks-Romeinse panteon en misteriegodsdienste in Korinte (Hawthorne 1993:173). Paulus se korrespondensie aan die Korintiërs verwys ook na die afgodery: 1 Korintiërs 8:4-6; 10:14,19-30. Die heiligdom vir Demetrius en Persephone was teen die hange van die berg Akrokorinth geleë. Een van die geboue hier het gedien as tempel terwyl rituele etes buite in tente plaasgevind het.

Vergelyk ‘n mens hierdie Griekse gode en hulle kwaliteite met die gedrag van die Korintiërs waarteen Paulus die Christene aldaar in sy briewe waarsku, is dit moontlik dat hierdie lys spesifiek

sinspeel op die etos van afgodery onder Korinte se inwoners. Aan die orde van die dag was immoraliteit en afgodediens – die eerste twee sake in Paulus se lysie in 1 Korintiërs 6:9.

## 4 AFRODITE: 'N ROLMODEL VIR DIE EGBREKERS?

Die tweede groep, die egbrekers, sou hulle goed met *Afrodite* kon identifiseer. Die bekendste tempel in Korinte was die tempel van Afrodite, die godin van liefde en skoonheid wat bo-op die Akrokorinth geleë was. Volgens die antieke skrywer Strabo het meer as 'n duisend persone hier in diens van die kultiese vrugbaarheidsgodsdiens diens gedoen. Ook Athenaeus skryf dat diens aan haar gelei het tot grootskaalse immoraliteit wat reeds in die tyd van Aristophanos berug was (Wood 1996:223-224). Afrodite was daarvoor bekend dat sy haar man, die verlamde god Hephaestos, bedrieg het met 'n skelm verhouding met Ares, die god van oorlog, by wie sy uiteindelik vier kinders gehad het. Afrodite was bekend vir haar wellus en seksuele passie. Sy het verhoudings met verskeie gode gehad, en het onder andere 'n kind by Hermes verwek met die naam Hermaphroditus, wat tweeslagtig was. Sy het gode en mense gestraf wat haar kwaad aangedoen het of geroem het dat hulle meer verhewe as sy was. So het Afrodite byvoorbeeld vir Theseus se seun, Hippolytus, gestraf. Hy het gedink dat hy verhewe was bo die liefde. As straf het Afrodite dat sy stiefma Phaedra op hom verlief raak (Grant 1979:41) – 'n motief waarby Paulus moontlik sou kon aansluit in 1 Korintiërs 5:1. Wanneer Paulus dan die gemeente in Korinte waarsku teen immoraliteit (1 Kor 6:15-16) het hy hulle na alle waarskynlikheid gewaarsku teen hierdie vrugbaarheidsgodsdienste van die Afroditiese kultus. Die liggame van die gelowiges daarenteen is tempels van die Heilige Gees (1 Kor 6:18-20).

## 5 EROS: 'N ROLMODEL VIR DIE *MALAKOI*?

Afrodite se seun, *Eros*, die god van liefde, was 'n jong god en die seun van Afrodite en haar liefdesmaat, Ares. "Eros" in Grieks beteken liefde van 'n seksuele aard. Hy was uitgebeeld as 'n sterk, aantreklike en atletiese man. Eros was dikwels gesien in die Griekse klassieke periode as die beskermer van homoseksuele liefde tussen mans en jeugdiges. Sy beeld is opgerig in die gymnasiums (Grant & Hazel 1979:132). Teen 'n agtergrond waar Afrodite vereer was, sou die seun uit haar owerspelige verhouding ook besondere spesiale aandag kry. Veral die *malakoi* ("sagtes", passiewe deelgenote) in Paulus se lys sou hulle dus sterk met Eros kon identifiseer – die

naak, jong seunsgod met die goue vlerkies, krulhare en glimlag. Hy was beskou as die mooiste van al die gode en het vanaf die vroegste tye die vermoë besit om selfs die hardste hart week te maak (Souli 1995:58).

## 6 APOLLO: ‘N ROLMODEL VIR DIE *ARSENOKOITAI*?

Teenstellend teenoor *malakoi* word *arsenokoites* gebruik. Die *arsenokoitai* (mans wat in seksuele aktiwiteite betrokke is met ander mans of seuns, aktiewe deelgenote) sou weer makliker met die god *Apollo* kon identifiseer. Naas die tempel van Afrodite, was die bekendste tempel in Korinte dié van Apollo. Hy was ‘n aantreklike god, lank en goed gebou, met vloeiende haarlokke en talle verhoudings met nimfe en sterflike mensevrouens. Hierbenewens het Apollo ook ‘n swakheid gehad vir aantreklike jeugdige seuns soos Hiacyntus en Cyparissus (Souli 1995:36-37). Apollo was verlief op Hiacynthus wat ‘n aantreklike jong man was. Thamyris – wat bekend was as die eerste homoseksuele persoon in die Griekse mitologiese wêreld – was self ook voorheen verlief op Hiacynthus (Grant 1979:186). Ook Cyparissus was ‘n beeldskone jong seun vir wie Apollo baie diep liefgehad het (Grant 1979:102). Dit was geensins vreemd in die Griekse kultuur vir veral ongetroude mans (dit is mans onder die ouderdom van dertig) om hulle te vergryp aan geslagsgemeenskap met prostitute, slawe en ander mans nie (Keener 1993).

## 7 HERMES: ‘N ROLMODEL VIR DIEWE EN GELD-GIERIGES?

Die volgende twee groepe, die diewe en geldgieriges, sou hulle weer met *Hermes* kon identifiseer. Hermes was die boodskapper van die gode en bekend vir diefstal en die handelbedryf. Reeds in sy kleintyd steel Hermes die osse van sy halfbroer Apollo en versteek dit so goed dat Apollo dit alleen met groot moeite en hulp van die gode kan vind (Souli 1995:40). Korinte met sy twee hawens tussen die Ooste en Weste was in Paulus se tyd een van die drie grootste handelstede. Mens kan jou voorstel dat geldgierigheid in hierdie milieu beslis ‘n rol gespeel het. In hierdie besigheidswêreld sou handeldryf en diefstal hand aan hand gegaan het, veral ook omdat beide hiervan met Hermes geassosieer was. Sowel Apollo as Hermes was ook bekend as gode van profesie – ‘n motief waarby Paulus waarskynlik ook sterk aansluit in 1 Korintiërs 12-14.

## 8 DIONYSIUS: 'N ROLMODEL VIR DIE DRONKAARDS?

Die volgende groep, die dronkaards, sou hulle kon identifiseer met die god *Dionysius*, die god van wyn, van dans en allerhande "orgies" ('n Griekse woord) (Souli 1995:50).

## 9 SISYPHUS: 'N ROLMODEL VIR DIE SKINDERTONGE EN BEDRIEËRS?

Die laaste twee groepe, die kwaadpraters (lasteraars of skindertonge) – 'n Griekse woord wat slegs hier voorkom in die Nuwe Testament – en die bedrieërs, sou hulle maklik met die stigtergod van Korinte, *Sisyphus*, kon identifiseer. Die stad was aanvanklik deur hom gestig onder die naam Ephyra. Hy was die verpersoonliking van slinksheid en vaardigheid en 'n meester dief. Hy vertel agter Zeus se rug aan Asopus hoedat Zeus sy dogter Aegina ontvoer het en wikkel homself keer op keer op slinkse maniere uit die moeilikste situasies. So bewimpel hy dit dat hy die god van die dood, Thanatos, vasbind met die gevolg dat sterflike mense vir 'n bepaalde tyd ophou doodgaan het.

## 10 FILOSOFIESE STROMINGE

Afgesien van die bekendheid met en diens aan die verskeidenheid gode in Korinte, was allerlei filosofiese strominge ook hier in omloop. Een hiervan is die sieninge van die Epikureense etiek. Volgens die Griekse filosoof Epikuros (342-270 vC) was plesier (hedonie) die doel van die lewe. Die bekende gesegde "Eet, drink, wees vrolik want more sterf ons" (1 Kor 15:32) se oorsprong is by Epikuros geleë. Hy het plesier verdeel in kinetiese (aktiewe) en statiese ('n staat of toestand, passiewe) plesier. Plesier van die liggaam en die siel behoort tot beide hierdie groepe. Die laagste vorme van plesier was dié van die liggaam. Epikuros se vertrekpunt is plesier van die maag – die oorsprong hiervan is begeerte. Plesier word gekry deur die begeerte te vervul. Dit begin met pyn in die vorme van honger en dors. So word plesier, waarvan die oorsprong begeerte is, deur pyn voorafgegaan. Bevrediging betrek aktiwiteit – vandaar die verwysing na 'n kinetiese (aktiewe) vorm van plesier. Sodra die begeerte vervul is, bereik die liggaam 'n toestand van ekwilibrium. Plesiere van ekwilibrium is weer staties. Liggaamlike plesiere wat staties is, sal sake soos rus en goeie gesondheid insluit. Hierdie plesiere is "suiwer" want hulle is sonder pyn. Volgens Epikuros moes daar gestreef word na die ideaal van die afwesigheid van pyn (Ferguson 1993:353; Klauck 1996:120). By geleentheid is

aan ‘n Stoisyn gevra waarom sommige Stoisyne Epikureers word, maar Epikureers word nooit Stoisyne nie. Die Stoisyn het geantwoord dat mans gekastreerdes (*eunuchs*) kan word, maar gekastreerdes (*eunuchs*) kan nooit mans word nie (Ferguson 1993:355).

As in ag geneem word dat Korinte reeds onder Romeinse oorheersing staan ten tye van Paulus, is dit interessant om te merk dat ook die Romeinse wet, die sogenaamde *Lex Scantinia*, in Korinte ‘n dubbele standaard gehandhaaf het in die guns van die Romeinse elite. Seksuele penetrasie van nie-Romeinse burgers, soos slawe wat vir hierdie doel aangekoop was, was deur Romeinse burgers toegelaat. Die Romeinse kriminele reg het egter diegene wat *Romeinse vryburgers* seksueel gepenetreer het, gestraf. Paulus veroordeel beide aspekte van hierdie seksuele gedrag (Winter 2001:110-113).

Die sosio-historiese konteks van die eerste eeuse Korinte is dus grotendeels ‘n konteks van seksuele losbandigheid en immoraliteit wat nou verbonde met afgodediens gepaard gegaan het. Dit wil voorkom asof daar min onderskeid tussen die ongelowiges en die Christengelowiges in Korinthe was wanneer Paulus aan hulle skrywe. Terwyl aktiewe homoseksuele geslagsgemeenskap – veral in die vorm van pederastie – onder sekere omstandighede gedurende die Romeinse tyd in die stad Korinte verdra was, vermaan Paulus die Christene daar om dit nie tot hulle lysie sake van “alles wat geoorloof is” (1 Kor 6:12), toe te voeg nie. As hiermee saam die moontlikheid van ekonomiese uitbuiting deur seksuele dade verstaan sou word, dan is dit duidelik dat Paulus eerder alle vorme van seksuele gedrag wat uitbuitend is of gedryf word deur blote drange wil aanspreek, meen Duffield (2004:114). Voorts reken Duffield ook dat hierdie verse in 1 Korintiërs 6 nie geïnterpreteer behoort te word as ‘n verwerping van diegene wat homoseksueel georiënteerd is nie (veral in ‘n verhouding van liefde), maar eerder gesien behoort te word as ‘n aanspreking van spesifieke sosio-seksuele gebruike van die Grieks-Romeinse gemeenskap – soos byvoorbeeld pederastie (2004:114).

Waaroor gaan dit dan in 1 Korintiërs 6:9-11? Die huidige verstaan en omskrywings van “homoseksualiteit” kan nie teruggelees word as ‘n sambreelterm wat alle skakerings van homoseksualiteit omvat in die konteks van 1 Korintiërs 6 nie. Daar gaan dit in die eerste plek eerder om afgodery deur perverse seksuele praktyke,

hoofsaaklik deur heteroseksuele, in die vorm van pederastie. Malina (2004:149) het reeds dieselfde van Romeine 1 ook gesê, naamlik dat 'n kontemporêre verstaan van homoseksualiteit nie verplaas ("transposed") kan word in die denkwêreld van Paulus nie.

## 11 1 TIMOTEUS 1:10

Die Timoteusbriewe het betrekking op die gemeentesituasie in Efese (Schnelle 1996:383). Ook in 1 Timoteus 1:10 kom die term wat sou verwys na homoseksualiteit voor binne 'n lys sake. Die konteks van hierdie gedeelte stel dit dat die wet wel goed is as dit legitiem gebruik word (1:8). Dit beteken die wet is nie gegee vir die onskuldiges nie, maar vir die wetteloses en ongehoorsames, vir die goddeloses (*asebesi*) en sondiges (*hamartolois*), vir die onheiliges (*anosiois*) en oneerbiediges (*bebelois*), vir hulle wat hulle pa of ma doodmaak (*patroloais; metroloais*), vir moordenaars (*androfonois*), (1:9), sedeloses (*pornois*), "homoseksueles" (*arsenokoitais*), slawe-handelaars (*andrapodistais*), leuenaars (*pseustais*), diegene wat meineed pleeg (*epiorkois*), en wat ookal in stryd is met die gesonde leer… (1:10). Duffield (2004:114) en Dibelius/Conzelmann (1972: 23) wys daarop dat die patroon van hierdie verse korreleer met die tien gebooie. Binne hierdie konteks sou *arsenokoitai* dan moontlik, volgens Duffield, kon verwys na owerspel, dit wil sê enige seksuele aktiwiteit wat die huweliksband verbreek (2004:114). Die term *arsenokoitais* kom net twee keer in die Nuwe Testament voor, hier in 1 Timoteus 1:10 en in 1 Korintiërs 6:9 (vergelyk bo).

Die drie begrippe – *pornoi*, *arsenokoitai* en *andropodistai* – behoort volgens Geyser (2002:1671) in hulle literêre konteks saam gelees te word. Wanneer dit gedoen word, is dit duidelik dat dit hier handel oor "manlike prostitute, die mans wat by hulle slaap (lê) en die slawehandelaars (wat kinders ontvoer). Hierdie verwysing sinspeel op die Griekse vertaling van die Ou Testament (Septua-ginta) waar *arsenokoites* (Lev 18 en 20), die *pornos* (Deut 23:18) en die *ontvoerder* (Eks 4:16; Deut 24:7) veroordeel word". "Die eerste brief aan Timoteus het dus in hierdie sondelys nie dieselfde geslagvoorkeur in gedagte nie, selfs nie pederastie in die algemeen nie, maar 'n spesifieke vorm van pederastie … waarin seuns slawe gemaak is vir seksuele doeleindes (ontvoering) en die misbruik van sulke jeugdiges deur volwasse mans" (Geyser 2002:1671). Dit korreleer met die rabbynse interpretasie van die agste gebod wat van

toepassing gemaak was op ontvoering (Dibelius & Conzelmann 1972:23).

## 12 1 TESSALONISENSE 4:5

Die rede vir hierdie vers se insluiting in die debat hang saam met die voorkoms van die term *pathos*. Die vers kom voor in ‘n konteks waar Paulus Christene in Tessalonika aanmoedig om meer en meer te lewe om God tevrede te stel, want hulle weet watter instruksies hulle van Paulus hieroor ontvang het (4:1-2). Die wil van God is hulle heiligmaking: dat hulle hulle sal weerhou van sedeloosheid (*porneia*, 4:3), dat elkeen sal weet hoe om sy liggaam te beheer met sy eie vrou – in heiligheid en eer (4:4), nie met ‘n brandende passie (*pathei epithumias*, “hartstogtelike begeerte”) soos die heidene wat God nie ken nie (4:5), sodat niemand ‘n broer of suster kwaad aandoen of uitbuit op hierdie manier nie (4:6), want die Here wreek hom op al hierdie dinge, soos Paulus hulle voorheen gewaarsku het (4:7). God het hulle tog nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligheid (4:8).

“Passie” (hartstog) het nie altyd ‘n slegte konnotasie nie, maar dit is wel die geval binne hierdie bepaalde konteks. “Pathos” dui op enige gevoel, maar word by Paulus altyd in ‘n negatiewe sin gebruik (Rom 1:26; Kol 3:5). “Hartstogtelike begeerte” of “brandende begeerte” sou volgens Ellingworth en Nida (1975:81) hier vertaal kon word met “hartsbegeerte”, of selfs “genitale begeerte” – wat gewoon dui op ‘n verkeerde soort seksuele begeerte, bekend vir die afwesigheid van heiligheid en respek vir die vrou, en gewoon ingestel op passievolle drange (Frame 1979:151). Die konteks waarin hierdie vers voorkom het dus ten doel dat Christene in Tessalonika heilig en eerbaar met hulle vrouens sal saamlewe en nie deur hulle brandende begeertes gedryf sal word soos die nie-Christene nie. Die filosofie van Epikuros se “pyn-begeerte-plesier” sou ook in hierdie voormalige Griekse stad welbekend gewees het. Dit handel dus hier primêr oor die verskil tussen die heidense immoraliteit wat deur brandende begeerte gedryf word en die Pauliniese ideaal van die huwelik as heilig, eerbaar en onthouding van onsedelikheid.

## 13 KOLOSSENSE 3:5

Die stad Kolosse was geleë op die groot handelsroete tussen Efese en Tarsus. Hier het hoofsaaklik nie-Joodse Christene gewoon, maar met sterk beïnvloeding deur die Joodse Christene (Schnelle

1996:336-337). Ons lees in Kolossense 2:4 van “vals redenasies” en in 2:8 van “teorieë en argumente wat misleidend is” en waarteen die gemeente moet waak.

Net soos die geval was by 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10, staan die terme wat moontlik na homoseksualiteit verwys hier in Kolossense 3:5 binne die konteks van ‘n lys verkeerde dinge. Die gelowiges in Kolosse word herinner dat hulle saam met Christus opgewek is en daarom die “dinge daarbo” moet soek waar Christus is, aan die regterhand van God. Hulle moet hulle gedagtes rig op die dinge daarbo en nie op die aardse dinge nie, want hulle het gesterf en hulle lewens is verborge saam met Christus in God. Wanneer Christus, wat hulle lewe is, bekend gemaak word, dan sal hulle ook saam met hom bekend gemaak word in glorie. Hulle moet daarom alles wat aards is, laat vaar (doodmaak): onsedelikheid (*porneia*), onreinheid (*akatharsian*), wellus (*pathos*), slegte begeertes (*epithumian kaken*), en gierigheid (*pleoneksian*) – wat afgodery is (*eidololatria*). Dis vanweë hierdie sake dat die straf van God oor almal kom wat ongehoorsaam is. Hierdie is die dinge wat hulle ook eens nagevolg het toe hulle daardie soort lewe geleef het. Maar nou moet hulle ontslae raak van al hierdie sake: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet nie uit hulle mond kom nie en hulle moet nie vir mekaar lieg nie, omdat hulle hulleself ontklee het van die ou self met sy praktyke en hulle geklee het met die nuwe self wat hernuwe word in kennis volgens die beeld van sy Skepper. In hierdie vernuwing is daar nie meer Griek of Jood nie, besnede of onbesnede nie, anderstaliges, onbeskaafdes, slaaf of vry nie, maar is Christus alles en in almal (3:1-10).

“Onsedelikheid” beteken illegitieme geslagsverkeer en “onreinheid” – alle moontlike seksuele afwykings. Volgens Schweizer (1976:143) behoort “wellus” (hartstogtelike begeerte) waarskynlik binne die raamwerk van ‘n hellenistiese Jood verstaan te word: Eros is nie God nie, maar eerder vernietigende wellus en begeerte dui weer eens op vals gerigte seksuele drange.

Die lys seksuele afwykings (onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes) word almal as afgodery bestempel. Dit is aardse sake waarmee hulle reeds gebreek het. Omdat hulle in Christus gesterf het en opgewek is, behoort hulle hulle lewens in te stel op die “dinge daarbo” waar die verheerlikte Christus is. Dit gaan dus oor

diens aan Christus en nie oor die immorele seksuele praktyke wat ten nouste verbonde was met die Grieks-Romeinse godewêreld nie.

## 14 ENKELE RIGLYNE AS AANDUIDERS TOT ‘N VERANTWOORDELIKE STANDPUNT

Uit die bespreking hierbo word verskeie riglyne gevind om ‘n verantwoordelike denkraamwerk te vorm waarbinne die Nuwe Testamentiese gebruik in die homoseksualiteitsdebat behoort te funksioneer. Daar is min twyfel dat daar nie anders as gekwalifiseerd oor die feit van homoseksualiteit gepraat kan word nie. Enkele van die riglyne wat geïdentifiseer sou kon word, is die volgende:

1 Dit het duidelik geword uit die voorafgaande ondersoek dat daar ‘n verskeidenheid terme is wat na verskillende aspekte van homoseksuele gedrag verwys. Verskeie betekenisse en aspekte is verbonde aan ons 19e eeuse term “homoseksualiteit”. Die volgende skakerings in ons hedendaagse verstaan van die sambreelterm “homoseksualiteit” sou derhalwe geformuleer kon word vanuit die antieke en hedendaagse kontekste – sonder enige aansprake van volledigheid of ooreenstemming met ander definisies:

- *Homoseksuele oriëntasie*: ‘n “Toestand” of “afwyking” wat nie (noodwendig?) seksuele omgang tussen twee persone van dieselfde geslag insluit nie en wat die gevolg is van biologiese en psigologiese oorsake.
- *Pedofilie*: ‘n Afwyking waar ‘n ouer man kinders verkies as seksuele deelgenote en hulle *teen hulle sin* hierby betrek. (Sommige geleerdes wil hier slegs aan heteroseksuele mans dink wat dogtertjies molesteer. Alhoewel dit grotendeels in hierdie verband gebruik word deur die samelewing, is daar ook talle gevalle van mans wat seuns teen hulle sin hierby betrek).
- *Pederastie*: Waar ‘n ouer man as aktiewe deelgenoot met ‘n jong man of seun as passiewe deelgenoot omgang het met die jongere se *aanvaarding* hiervan. Die jongere aanvaar dit as gevolg van die sosiale gebruike van die dag, of bied uit magteloosheid en afhanklikheid op oorlewering nie weerstand nie. (*Sodomie* word ook dikwels gebruik as sinoniem vir pederastie, maar ook vir bestialiteit - die teennatuurlike omgang tussen mens en dier).
- *Homoseksuele prostitusie*: Waar slawe of seuns hulle dienste teen betaling lewer (skandjongens). Hulle word óf ontvoer en

vir hierdie doeleindes deur ‘n derde party verhuur of verkoop, óf kies self hiervoor ter wille van hulle eie oorlewing.

- *Homoseksuele perversiteit*: Waar persone met verskeie ander persone van dieselfde geslag as gelyke deelgenote hulleself laat dryf deur onbeheerste seksuele drange – dikwels as praktiserende bi-seksuele.

2 Uit die vyf teksgedeltes wat aan die orde gestel was hierbo, is dit duidelik dat twee hiervan (1 Tess 4:5 en Kol 3:5) verwys na onbeheersde drange, na ‘n verterende passie, ‘n hartstogtelike begeerte met negatiewe seksuele konnotasies (*pathos*). Dit omvat seksualiteit in die breë. In Romeine 1:26-27 word wel ook dieselfde term gebruik, maar in daardie konteks word hierdie negatiewe onbeheersde seksuele drange onomwonde van toepassing gemaak op die verhouding tussen persone van dieselfde geslag. In 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10 word die term *arsenokoites* gebruik vir die aktiewe deelgenoot in ‘n seksuele verhouding tussen twee manlike persone. In 1 Korintiërs 6:9 gaan dit spesifiek oor afgodery en heel waarskynlik oor pederastie (alhoewel sommige geleerdes skepties is hieroor), terwyl dit in 1 Timoteus 1:10 waarskynlik handel oor ‘n spesifieke vorm van pederastie waarin jong seuns ontvoer is en as slawe aangehou was vir seksuele doeleindes.

3 ‘n Gemene deler in Romeine 1:26-27, 1 Korintiërs 6:9-11 en Kolossense 3:5 is immoraliteit wat eng verbind word met *afgode-diens*. Die assosiasie wat telkens gemaak word tussen afgodery en homoseksuele gedrag moes duidelik voorop gestaan het in die denkwêreld van die Jode (Cole 1959:343). In 1 Korintiërs 6:9-11, Kolossense 3:5 en 1 Timoteus 4:5 is ‘n ander gemene deler die feit dat vorme van homoseksuele gedrag *naas* allerlei ander ongeregtighede gelys word.

4 Daar is min twyfel oor die feit dat die betrokke gedeeltes hierbo genoegsame bewys lewer dat die vroeë Christene (Joods en nie-Joods) hulleself bevind het midde-in ‘n kultuurhistoriese wêreld waarin homoseksuele gedrag nie onbekend was nie. Dit het egter gemanifesteer in verskeie vorme wat ten nouste met afgodery, immoraliteit en perversiteit verbonde was. Veral die nie-Joodse Christene aan wie die Pauliniese briefliteratuur gerig is, word gemaan om hulle nie deur hulle wellus (hartstogtelike onbeheersde seksuele begeertes) te laat lei nie, maar om ‘n lewenstyl te handhaaf wat waardig is aan hulle herskepte natuur. Dis die basiese

onderliggende argument in al vyf die gedeeltes wat bespreek was. Dit handel dus hier oor ‘n bepaalde etos, ‘n lewenstyl, waar die fokus op respek vir ander lê en op toewyding aan Christus eerder as aan onbeheerste menslike instinkte.

5 Geen direkte verwysings kom voor wat na homoseksuele oriëntering as ‘n seksuele identiteit verwys nie. Homoseksuele gedrag in ‘n verskeidenheid vorme word wel ten strengste afgekeur. Andersyds is daar geen Nuwe Testamentiese gedeeltes wat homoseksualiteit eksplisiet aanmoedig of goedkeur nie.

## 15 GEVOLGTREKKING

Verskillende terme word gebruik, wat soos in die gevalle van 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10 almal met die Afrikaanse vertalingsekwivalent “homoseksualiteit” weergegee word. Homoseksualiteit as ‘n toestand of identiteit – ‘n spesifieke kategorie van seksuele oriëntasie – kom egter nie in die Nuwe Testament voor nie, maar eerder “homoseksuele gedrag” of “homoseksuele dade”. Volgens Bailey (1955:39) is die homoseksuele *toestand* moreel neutraal. ‘n Homoseksuele “identiteit” as sodanig is veel eerder ‘n moderne konstruk (Ryken, *et al* 2000:396; Waetjen 1996:113; soortgelyk Geyser 2002:1675).

Daar sou waarskynlik vandag versigtig onderskei kan word tussen drie soorte homoseksuele persone – soos in Deel I van hierdie bydrae geargumenteer: (a) diegene wat so gebore is vanweë biologiese oorsake; (b) diegene wat so is deur psigologiese en ander omstandighede; en (c) diegene wat doelbewus hierdie leefstyl kies as gevolg van perversiteit, immoraliteit of as ‘n soort hedendaagse modegier. Pedofilie, pederastie, prostitusie, verkragting en dergelike afwykings binne ‘n homoseksuele, biseksuele of heteroseksuele konteks word beslis in die Nuwe Testament veroordeel. Daar sal egter met groot omsigtigheid met die eerste twee groepe omgegaan moet word. Die oorsake in hierdie gevalle lê buite die persoon se eie keuse. Persone wat deur psigologiese of ander omstandigheidsfaktore homoseksueel georiënteerd is, behoort saam met diegene wat deur biologiese omstandighede so gebore is, allereers met deernis en liefde in geloofsgemeenskappe aanvaar te word na die voorbeeld wat Christus kom stel het. Die Christelike kerk is immers die samekoms van gebrokenes en sondaars wat deur genade gered is en waar almal welkom is. Met hierdie formulering word die vergadering van gelowiges eenvoudig geïdentifiseer sonder om te impliseer dat

persone wat homoseksueel georiënteerd is vanwee biologiese en psigologiese oorsake daarom gebrokenes en sondaars is!

Jesus se herinterpretasie van die wet het ‘n paradigmaskuif tot gevolg gehad. Daar was ‘n skuif van ‘n wettiese godsdiens na ‘n persoonlike verhoudingsgodsdiens. ‘n Skuif vanaf wetsverering en voorskrifte na liefdesverhoudings en riglyne. Daarom word aanvaar dat ons primêr in die Nuwe Testament te make het met ‘n verhoudingsteologie van liefde tussen God en mens wat bewerkstellig is deur die versoening van Jesus Christus, en nie met ’n wettiese verhouding wat deur voorskrifte en strawwe afgedwing moet word nie. In hierdie verband maan Kolossense 2:8 dat die Christengelowiges in hierdie stad versigtig moet wees om nie weggevoer te word deur teorieë en argumente wat misleidend is nie, want “dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie”. Die kerk behoort daarom versigtig te wees om te maklik voorskriftelik op te tree en ‘n “nuwe wet” te skryf wanneer dit etiese aangeleenthede raak. Naudé (1988:647) wys ook daarop dat “wanneer etiek bloot as ‘n uitvloeisel van die dogmatiek beskou word, is die gevaar groot dat die resultaat van die beoordeling ‘n starre wettiese afwysing tot gevolg sal hê wat blind is vir die situasie of die feitelikheid van die fenomeen.” “Wanneer etiek losgemaak word van dogmatiek is relatiwisme die gevaar”.

So, wat is ons slotsom? Daar kan nie ongekwalifiseerde antwoorde oor homoseksualiteit gegee word nie. Die Nuwe Testament het nie die finale antwoord nie en hulpwetenskappe soos die Sielkunde, Sosiologie en Maatskaplike Werk behoort dalk eerder as die Nuwe Testament geraadpleeg te word. Om van die Nuwe Testament klinkklare uitprake oor homoseksualiteit te verwag, is om die verkeerde vrae aan die teks te stel.

## Literatuurverwysings

Bailey, D S 1955. *Homosexuality and the Western Christian Tradition*. London: Longmans, Greek and Co.

Cole, W G 1959. *Sex and Love in the Bible*. New York: Association Press.

Dibelius, M & Conzelmann, H 1972. *The Pastoral Epistles* (Hermeneia). Philadelphia: Fortress Press.

Duffield, I K 2004. The Clear Teaching of the Bible? A Contribution to the Debate about Homosexsuality and the Church of England. *Expository Times* 115(4), 109-115.

Du Rand, J A 2005. [Voordrag oor homoseksualiteit. *Die Bybel en Seksualiteit*. DVD, NG Gemeente Moreletapark. Pretoria].

Ellingworth, P & Nida, E A 1975. *A Translator's Handbook on Paul's Letters to the Thessalonians (Helps for Translators XVII)*. Stuttgart: United Bible Societies.

Ferguson, E 1993. *Backgrounds of Early Christianity*. Michigan: Eerdmans.

Frame, J E 1979. *A Critical and Exegetical Commentary on the Epistles of St. Paul to the Thessalonians*. Edenburgh: T & T Clark.

Freedman, D N 1996. *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday.

Geyser, P A 2002. Bybelse getuienis oor homoseksualiteit – met ander oë gesien. *HTS* 58(3-4), 1655-1677.

Gorman, M J 2004. *Apostle of the Crucified Lord: A Theological Introduction to Paul and his Letters*. Grand Rapids: Eerdmans.

Grant, M & Hazel, J 1979. *Gods and Mortals in Classical Mythology: A Dictionary*. New York: Dorset Press.

Hawthorne, G F 1993. *Dictionary of Paul and his letters*. InterVarsity Press: Downers Grove.

Joubert, S 2005. [Voordrag oor homoseksualiteit. *Die Bybel en Seksualiteit*. DVD, NG Gemeente Moreletapark. Pretoria]

Kalin, E R 2003. Romans 1:26-27 and Homosexsuality. *Currents in Theology and Mission* 30(6), 423-432.

Keener, C S 1993. *The IVP Bible background commentary: New Testament* (1 Th). InterVarsity Press: Downers Grove, Ill

Klauck, H-J 1996. *Die religiöse Umwelt des Urchristentums II* (Kohlhammer Studienbücher Theologie 9,2). Stuttgart: Verlag W. Kohlhammer.

Malina, B J 2002. The New Testament and Homosexuality? Part 1: The Social System behind Romans 1. *Verbum et Ecclesia* 23(1), 141-150.

May, A S 2004. *'The Body of the Lord'. Sex and Identity in 1 Corinthians 5-7* (JSNT Supplement Series 278). London: T & T Clark.

Naudé, R M 1988. Die skeppingsordeninge en homoseksualiteit. *HTS* 44(3), 636-649.

Nolland, J 2000. Romans 1:26-27 and the Homosexuality Debate. *Horizons in Biblical Theology* 22(1), 32-57.

Potgieter, J 2005. *'n Nuwe Testamentiese studie in Hermeneutiek: Die Homoseksualiteitsdebat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1986-2004)*. PhD Studie in Nuwe Testamentiese Wetenskappe. Universiteit van Pretoria.

Ryken, Leland, Jim Wilhoit, Tremper Longman, Colin Duriez, Douglas Penney, and Daniel G. Reid. *Dictionary of Biblical Imagery*. electronic edition. Downers Grove: InterVarsity Press, 2000, c1998.

Schnelle, U 1996. *Einleitung in das Neue Testament* (UTB 1830). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Schweizer, E 1976. *Der Brief an die Kolosser* (EKK). Neukirchen: Neukirchener Verlag.

Souli, S 1995. *Greek Mythology*. Athens: M. Toubis Graphic Art S.A.

Van der Watt, J G 2005. [Voordrag oor homoseksualiteit. *Die Bybel en Seksualiteit*. DVD, NG Gemeente Moreletapark. Pretoria].

Waetjen, H C 1996. Same-Sex Sexual Relations in Antiquity and Sexuality and Sexual Identity in Contemporary American Society, in: Brawley, R L (ed), *Biblical Ethics and Homosexuality: Listening to Scripture*, 103-116. Louisville: Westminster John Knox Press.

Winter, B W 2001. Roman Homosexual Activity and the Elite (1 Corinthians 6:9), in *idem*., *After Paul Left Corinth. The Influence of Secular Ethics and Social Change*, 110-120. Grand Rapids: Eerdmans.

Wood, D R W & Marshall, I H (eds) 1996. *New Bible Dictionary*. 3rd ed. Leicester: InterVarsity Press.